Ges. 160: 1, 2. **By die Skeiding v. d. Wêl** [Alkp 31 Des. 1959]
Ps. 25: 2, 6. Gen. 32: 1-31.
Ges. 180: 1, 5. Hosea 12: 1-5

Gen. 32: 24 – Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek.

Daar is so baie trekke in die lewe van hd. man Jakob wat hom geliefd maak by mense: hy is by uitstek die menslike mens – nes ons! As 't ware die Petrus v. d. O. T. – vol van al die menslike gebreke en tekortkominge wat ons almal in onsself aantref. Maar wat ons veral na hd. geesk. trek is die feit dat t. s. v. al sy pynlike swakhede – sy bedrag, sy lis, sy ensug – God hom nie vergeet nie, ja – God besondere moeite doen om hd. man te neem en hom te bekeer tot d. Godsryk!

Die beslissende ontmoeting tussen God en Jakob vind plaas in die nag. __Baie geheimenisse__ het stadig saamgeval en saam opgemerk tot by hd. Keerpunt in Jakob se lewe: sy moeder se voortrekkery, sy bedrag van Esau, sy optrede teenoor Laban – – maar dit is asof God dit alles laat opmerk tot by hd. beslissende uur. Beleef dit in 3 fases:

I __Skeiding__: Oomblik v. skeiding aangebreek:
– Jakob neem afskeid, nie net van sy oom Laban nie, mr. ook van 20 veelbewoë jare in die vreemde, jare van vreugde & verdriet. Jare van diepe geluk & van bitter teleurstelling. As eensame swerweling, verstoteling – met net sy staf as besit – daar aangekom. Seuns jr. vir Ragel gewerk & hoe gekry; 20 jr vir Laban gewerk & rykdom verkry. Mooi dae – ma ook harde dae.

Mr. Jakob nie jammer of hartseer nie: hy

3

① dink meer a.d. teekens — waarom? Om 2 redes:
① kommunaar: oor Esau, oor Laban, oor d. noodlot, oor [illegible]
② die engele (= Boodskappers) van God het hom ont-
moet en bemoedig (32:1) op die pad wat voorlê;
③ hy neem afskeid van die mete: dis nie ek
wat uit eie begeerte trek nie — dis God wat
my beveel het: Gaan terug na jou land en jou
familie, en Ek sal aan jou goed doen (vs. 9)
Hy trek die ou land uit en die nuwe land in op
Gods persoonlike opdrag — en dit maak al die
verskil van die wêreld! Al die verskil tussen
'n rigtinglose, verfoeide optrede en 'n doelgerigte
[illegible] koers! Om te weet: is dit my eie
sin en wil — of is dit Gods bevel wat ek
hier gehoorsaam?

→ By die skeiding v.d. jaar, by die uitvaart
van 1959 en die invaart van 1960, by die
ingaan van 'n onbekende toekoms — wat is dit
wat ons vervul met geloof, ons besiel met moed:
ons eie gawes, deugde, prestasies — of die vaste
dis God wat beveel en stuur?

II Beslissing: Hy trek Kanaan binne as vreemdeling —
vreemdeling oor alwal & alles behalwe oor homself!
Want iets is daar wat haper en hinder. Twintig jr.
is verby — 20 jr. waarin Esau tyd gehad het om die saak
te vergeet wat sy broer hom aangedoen het. En nou
moet Jakob uitvind: die een teen wie hy gesondig het
mag vergeet, m.r. die een wat self gesondig het
vergeet nie — want jou sonde is soos jou skaduwee:
dit bly by jou!

En nou probeer hy alles om d. knaende
gewete, d. herleefde onrus te stil + verskerp deur
berig van Esau se aantog m. 400 man:
— vyf groepe geskenke van vee
— 2 groepe van gevolg.
Nog geen vrede of rus

— „Maar": die groot teenstelling; „Jakob alleen
agtergebly" Waarom? Tog baie beter om saam te
gaan — nog beter om voor te gaan: wat hou hom
terug? Een of ander geheimsinnige mag in d.
middel v.d. nag: En terwyl hy wag baie gedagtes
wat hom besig hou:
— vrees & vrae oor Esau se optrede
— vrees vir iets anders wat hy nie kan peil

Skielik gryp iemand hom wat hy dink was: nie
kan dit wees — Esau, onbekende vyand? Jakob
weet nie — m.r. wat hy weet is: hier 'n vyand teen
wie hy sy allerbeste kragte moet inspan! So woed
die worsteling voort, van uur tot uur, van middernag
nag tot dagbreek — aanvanklik Jakob die sterkere.
→ Hosea 12:5
Totdat net voor dagbreek, skielik die Engel van
die Here hom op die heupkom slaan — Jakob magte-
loos, hulpeloos. Besef ineens: Iemand wat dit
kan doen is geen mens, Hy is gesant van God!
Hy het d. mag om my lewe te verdelg — en tog
het Hy dit nie gedoen nie — waarom nie? Net
een antwd: omdat Hy my wil seën & kan seën!

En nou — wat doen hy nou? Hosea 12:5 —
„Hy het geween en Hom gesmeek" Nog altyd gryp
hy hd. Maar nou: m.r. nou nie meer as bor-
vreemdeling nie, m.r. as Oormoeneemer nie meer as
die sterk selfversekerde nie, m.r. as d. swak
afhanklike: „Ek sal u nie laat gaan tensy
dat U my seën"

→ Wat gaan alles deur Jakob se gedagtes
in die uur van worsteling? Geen twyfel: hier
'n die uur van worsteling het Jakob hfs gesien soos
hy werklik was, sy lis en bedrag, sy ontsteling
king van sy eie sonde, sy ontvlugting van
God!

Hd. nag word 'n groot keerpunt in Jakob se lewe: 'n beslissende ontmoeting –

→ ~~Simbool~~ Hd. worsteling: simbool v. d. worsteling v God m. elke mens – en van elke mens met God: God wat uit d. mens d. hoogste en edelste wil tevoorskyn roep & d. mens wat God weerstaan & beveg!

III Oorwinning: Jakob gedink dat hy as oorwinnaar aankom by d. Jabbok –

Nou eers die ware oorwinning:

① Oor homself: sy

② Oor sy vrees:

③ In die Godsryk: Jakob > Israel

Vrug: ① Nuwe gesig van God – Pniel – God nie sy vyand, m. vriend (Jesus – Stamm op see).

② Nuwe insig in hkself:

③ Nuwe verhouding tot sy broer.

1959/60:

→ Hoe gaan u deur hd. Jabbok? Hoe stap u oor uit d. ou in die nuwe in?

Uittog – Oortog – Intog

# Gebed.

1. Dank vir seëninge 1957:
- gesondheid, genade, gespaarde lewe
- Gods leiding, geduld,
- X̶tus se redd. liefde
2. Bely ons skuld & tekortkominge:
- onwil & ontrou
- onkunde & onbekendheid
- haat & huigelary
- oorwinning deur Bose
3. Voorbidding vir:
- Gods Koninkryk
- Volkere & leiers
- Eie land & owerheid
- Siekes & behoeftiges;
- Verpleegsters, gevestigdes, gevangenes, eensames,
- Dood dierbares: leë plekke
4. Nuwe jaar: 1960 (eenheid) geloof. vertroue, vreugde
- Onse Vader.